## APPENDIX J: OTHER RELEVANT INFORMATION

## APPENDIX J1: SERVITUDE DEEDS

MICRO FILMED–MIKROVERFILM

DATE–DATUM 1981-06-24

REGISTERED this
GEREGISTREER hierdie 1981-05-22

BK 47 Fol 4

Register of
Register van Serwituut

Deeds Office
Aktekantoor
Cape Town/Kaapstad

Asst. Registrar/Asst.-Registrateur

1981-05-22

INDEXED

SEËLREG
STAMP DUTY
FEE R. R1,65
T/Duty R3.02

340 1981

Protokol 714

NOTARIELE AKTE VAN SERWITUUT

HIERMEE WORD bekend gemaak aan almal wat dit mag aangaan:

DAT op hede die 29ste dag van Januarie in die jaar van Onse Heer Eenduisend Negehonderd Een en Tagtig (1981) voor my CHRISTOFFEL DE WIT van Springbok, Kaapprovinsie, Publieke Notaris, as sodanig behoorlik toegelaat en beëdig en in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies persoonlik verskyn het - JACOBUS HENDRIK BRITZ

2/ hy ......

hy synde behoorlik daartoe gevolmagtig deur: -

MICHAEL CORNEELS VAN DEN HEEVER
gebore op 9 Desember 1950

(hierna die EIENAAR genoem)

en

PELLADRIFT WATERRAAD

'n Waterraad behoorlik ingestel kragtens Artikel(108)(2) van die Waterwet 1956 Wet 54 van 1956 hierin verteenwoordig deur BERNARD RENIER VAN ROOYEN in sy hoedanigheid as lid van die RAAD behoorlik gemagtig daartoe kragtens 'n besluit van die RAAD gedateer 9 Januarie 1978 (welke besluit tans in my Protokol weggele is)

(hierna die RAAD genoem)

kragtens 'n volmag uitgevoer deur die EIENAAR te Pofadder op die 21ste dag van November 1980 en deur die verteenwoordiger van die RAAD te Johannesburg op die 5de dag van Desember 1980 (welke volmagte tans in my Protokol weggelê is)

3/ EN .........

EN DIE KOMPARANT HET NAMENS SY LASGEWER AS VOLG VERKLAAR:

NADEMAAL die EIENAAR die geregistreerde eienaar is van die eiendom beskryf as -

| | |
|---|---|
| SEKER | grond gelee in die Afdeling van Namakwaland synde gedeelte 1 van die plaas Aroams nr 57 |
| GROOT | 3837,7102 hektaar (Drieduisend Agthonderd Sewe en Dertig komma Sewe Een Nul Twee) |
| GEHOU | kragtens Transportakte nr 22714 gedateer 3 September 1965 |

EN NADEMAAL 'n ooreenkoms op die 5de dag van Desember 1980 tussen die EIENAAR en die RAAD gesluit is in verband met die PELLADRIFT watervoorsieningskema vir die oprigting van 'n pompinstallasie, opgaardamme en die lê van 'n pypleiding met kleppe en ander meegaande toebehore om daarmee water vanaf PELLADRIFT na AGGENEYS af te voer.

NOU DERHALWE GETUIG DIE KOMPARANT DAT SY LASGEWER AS VOLG OOR=EENGEKOM HET NAAMLIK:

1. ONDERHEWIG aan die bepalings hierinlater uiteengesit, verleen die eienaar, as geregistreerde eienaar van die voormelde eiendom hiermee aan die RAAD die volgende ewigdurende regte oor die voormelde eiendom, naamlik -

   die reg om 'n waterleiding te lê binne 'n serwituut=gebied 30 (dertig) meter wyd,

   (welke pypleiding, pompinstallasie en opgaardamme met kleppe en meegaande toebehore hierna die PYPLEIDING genoem word)

en om die PYPLEIDING te inspekteer, in stand te hou, te herstel, te vernuwe en te verwyder, soos wat die RAAD van tyd tot tyd gerade mag ag en wel soos hierinlater uiteengesit.

4/ 2. DIE .......

U ~ al [illegible]

2. DIE RAAD verkry die reg van toegang tot en teruggang van die pypleiding en sal geregtig wees om hierdie regte uit te oefen deur gebruik te maak van diere, voertuie en masjinerie om die werk daar te doen, onderworpe aan die volgende voorwaardes naamlik: -

2.1 DIE RAAD is geregtig om patrolliemanne na die installasies en langs die pypleiding uit te stuur met die doel om dit te inspekteer. Die patrolliemanne moet egter 'n magtigingsbrief van die RAAD in hulle besit he om dit op aanvraag aan die EIENAAR te kan toon om sodoende bewys van hulle identiteit te kan lewer; of andersins kan die RAAD die EIENAAR van tyd tot tyd vooraf skriftelik in kennis stel van die name van sodanige patrolliemanne.

2.2 DIE RAAD oefen hierdie regte uit deur gebruik te maak van die bestaande paaie of voetpaaie, of indien dit nie bestaan nie, dan langs 'n roete deur die EIENAAR uitgewys, maar met die voorbehoud dat die aard en die toestand van daardie paaie, voetpaaie of uitgewysde roete sodanig moet wees dat die RAAD sy regte daarlangs bevredigend sal kan uitoefen.

2.3 In noodgevalle, of indien die bestaande of uitgewysde roetes onbevredigend is, kies die RAAD 'n roete en gebruik dit op 'n sorgsame wyse ten einde enige permanente verbeteringe aldaar die minste te benadeel.

5/ 2.4 DIE RAAD .....

2.4 DIE RAAD moet sorg dra dat sy dienaars, werknemers of gemagtigdes elke hek wat hulle in die proses moet oopmaak, onmiddellik weer agter hulle moet toemaak.

2.5 INDIEN die RAAD skade aan die eiendom in die uitoefening van hierdie regte mag veroorsaak moet die RAAD die EIENAAR sy billike en redelike verliese vergoed.

3. DIE voorafgaande regte en die uitoefening daarvan is egter onderworpe aan die volgende verdere voorwaardes:

3.1 DIE RAAD is aanspreeklik vir enige verlies of skade maar nie voortvloeiende skade wat die EIENAAR of sy opvolgers in titel mag ly as gevolg van die bars van bepype en die vloei van water daaruit, behalwe as sodanige breuk en vloei van water te wyte is aan omstandighede -

3.1.1 buite die beheer van die RAAD, sy dienaar of agent, of

3.1.2 wat onvoorsienbaar of wat nie deur die RAAD voorkom kon word ten spyte van die uitoefening van redelike voorsorg nie.

3.2 DIE RAAD vrywaar die EIENAAR en sy opvolgers in titel teen enige eise wat uit sy werksaamhede mag voortspruit.

6/ 3.3 DIE ......

3.3 DIE RAAD onderneem, so ver as wat dit redelik moontlik is, om: -

3.3.1 die EIENAAR vooruit skriftelik in kennis te stel van die oprigting van beoogde werke of van herstelwerk wat onderneem moet word.

3.3.2 die werksaamhede in sodanige tyd te onderneem waarin die normale gebruik van die grond deur die EIENAAR nie ingekort sal word nie.

3.3.3 die oppervlakte waarop daar gewerk is, op 'n behoorlike en bevredigende wyse te herstel.

3.4 DIE EIENAAR mag nie enige geboue of strukture of enige gedeelte daarvan, binne die serwituut-gebied oprig nie sodat voldoende ruimte aan die RAAD gelaat word om sy regte te kan uitoefen.

3.5 DIE EIENAAR mag, ten einde die pypleiding te beskerm, nie enige uitgrawings maak of werksaam-hede toelaat wat die pypleiding kan blootlê of ondergrawe nie.

4. DIE RAAD onderneem om EEN wateraansluiting aan die EIENAAR vir sy gemelde eiendom toe te staan, mits dat die water slegs vir nie-huishoudelike doeleindes ge-bruik word en verder onderworpe aan die volgende voor-waardes naamlik:

4.1 DIE EIENAAR is onderworpe aan en moet hom neerle by die RAAD se waterregulasies soos afgekondig en soos van tyd tot tyd gewysig, met insluiting van enige kennisgewing wat beperkinge op die gebruik van water mag oplê.

7/ 4.2 DIE ......

4.2 DIE watertoevoer is hoogstens vierhonderd sewe-en-vyftig (457) kilolieter per maand. Vir die werklike hoeveelheid water wat verbruik is, sal 'n heffing gemaak word teen die heersende tarief vir nie-huishoudelike gebruik wat van tyd tot tyd in die dorpsgebied en/of munisipalegebied van Aggeneys van toepassing is.

4.3 INDIEN die werklike verbruik vyfduisend vierhonderd vyf en sewentig (5475) kiloliter voor die einde van enige enkel kalenderjaar oorskry, behou die RAAD die reg om die toevoer vir die res van sodanige jaar af te s sluit; of om die alternatief 'n heffing vir die oor=maat water wat in die jaar verbruik word teen tweemaal die tarief soos dit in paragraaf 4.2 uiteengesit word, te maak.

4.4 INDIEN die betrokke eiendom te enige tyd onderverdeel word, sal geen bykomende aansluiting of toevoere beskikbaar gestel word nie. Die bestaande aansluiting sal slegs vir die voorsiening van water aan een van daar=die onderverdelings gebruik mag word.

4.5 DIE RAAD verskaf en onderhou 'n meter kosteloos by die toevoerpunt om die hoeveelheid water wat verskaf word, te meet. Indien die meter weier om te registreer of verkeerd registreer kan die RAAD die verbruik wat in rekening gebring moet word, volgens die grondslag van vorige of toekomstige aangetekende verbruike bepaal.

8/ 4.6 DIE .......

4.6 Die meter sal onder beskutting, aangrensend aan die hoofpypleiding geplaas word en die meter, pyp=werk en die nodige kamer sal die eiendom van die RAAD bly. Die EIENAAR moet vrye toegang vir voertuie tot die meter bewerkstellig om meteraf=lesing en herstelwerk te vergemaklik.

4.7. AL die pypwerk vanaf die meter tot by die finale leweringspunt word op koste van en deur die be=trokke EIENAAR voorsien, gele en onderhou en moet voldoen aan die bepalinge van die waterregulasies van die RAAD soos van tyd tot tyd afgekondig, en die EIENAAR is verder verantwoordelik vir die betaling van alle water wat vermors mag word weens die lek van of 'n bars in sy pypwerk of weens enige ander oorsaak hoegenaamd.

4.8 INDIEN die beskikbare druk by die meter onvoldoende is vir die toevoer van water tot by die finale uit=laatpunt kan die EIENAAR vir die oorbrugging van die probleem op sy eie koste 'n geskikte pompinstal=lasie, waarvan die ontwerp en tipe deur die RAAD skrif=telik goedgekeur moet word, installeer, in werking stel en in stand hou.

4.9 DIE EIENAAR verskaf op eie koste geskikte opgaartenks met 'n totale minimum inhoud van tienduisend (10 000) liters en onderhou dit in 'n behoorlike werkende toestand om 'n watervoorraad te verseker indien die RAAD se pypleiding om enige rede tydelik afgesluit word.

9/ 4.10 DIE .....

4.10 DIE RAAD waarborg in geen opsig die, gehalte, toevoer of hoeveelheid water wat voorsien word aan die EIENAAR nie en die EIENAAR vrywaar hiermee die RAAD teen enige en alle eise wat mag voortvloei uit die watervoorsiening deur die RAAD soos hierin beoog.

5. AS teenprestasie vir die regte wat hierkragtens ver=leen word, betaal die RAAD die som van R 60-32 (sestig rand twee en dertig sent) aan die EIENAAR teen registrasie van hierdie serwituut.

6. DIE PARTYE bevestig dat hulle ooreengekom het dat die regte wat hierkragtens verleen is, ewigdurend sal geld en dat hierdie akte as 'n serwituut teen die toepaslike aktes in die Akteskantoor te Kaapstad geregistreer word.

7. DIE RAAD is aanspreeklik vir die betaling van alle koste van hierdie akte en wat aangegaan word vir die registrasie daarvan.

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE SPRINGBOK op die dag, maand en jaar aan die begin hiervan vermeld:

AS GETUIES

1. [signature]

2. A.J. Rossouw

pp EIENAAR

pp RAAD

QUOD ATTESTOR

NOTARIS PUBLIEK

Hereregte Kwitansie Nr. 8393
uitgereik te Kaapstad
op 8 Mei 1981
vir R3,02

Nagesien: 1. [signature]

1

9-02-1981

1981-05-25

BK 47 Fol 4

Serwituut

1981-05-25

INDEXED

MICRO FILMED/MIKROVERFILM

DATE

R441,00

R0,15

K 346/1981 S

Protokol nr 712

NOTARIELE AKTE VAN SERWITUUT

HIERMEE word bekend gemaak aan almal wat dit mag aangaan:

DAT op hede die 28ste dag van Januarie in die jaar van Onse Heer Eenduisend Negehonderd Een en Tagtig (1981) voor my CHRISTOFFEL DE WIT van Springbok, Kaapprovinsie, Publieke Notaris, as sodanig behoorlik toegelaat en beedig en in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies persoonlik verskyn het - JACOBUS HENDRIK BRITZ

2/ hy ........

hy synde behoorlik daartoe gevolmagtig deur: -

WILHELMINA JOHANNA HAYES
gebore van den Heever op 23 Mei 1913
'n weduwee

(hierna die EIENAAR genoem)

en

PELLADRIFT WATERRAAD

'n Waterraad behoorlik ingestel kragtens Artikel (108) (2) van die Waterwet 1956 Wet 54 van 1956 hierin verteenwoordig deur BERNARD RENIER VAN ROOYEN in sy hoedanigheid as lid van die RAAD behoorlik gemagtig daartoe kragtens 'n besluit van die RAAD gedateer 9 Januarie 1978 (welke besluit tans in my Protokol weggele is)

(hierna die RAAD genoem)

kragtens 'n volmag uitgevoer deur die EIENAAR te Pofadder op die 21ste dag van November 1980 en deur die verteenwoordiger van die RAAD te JOHANNESBURG op die 5de dag van Desember 1980. (welke volmagte nou in my Protokol weggele is),

3/ EN .........

EN DIE KOMPARANT HET NAMENS SY LASGEWER AS VOLG VERKLAAR:

NADEMAAL die EIENAAR die geregistreerde eienaar is van die volgende eiendom, naamlik : -

SEKER grond gelee in die Afdeling van Namakwaland synde Gedeelte 2 van die plaas Aroams nr 57

GROOT 3837,7117 hektaar

GEHOU kragtens Akte van Transport nr 23879 gedateer 11 November 1966

EN NADEMAAL 'n ooreenkoms op die 5de dag van Desember 1980 tussen die EIENAAR en die RAAD bereik is in verband met die PELLADRIFT watervoorsieningskema vir die oprigting van 'n pompinstallasie, opgaardamme en die le van 'n pypleiding met kleppe en ander meegaande toebehore om daarmee water vanaf PELLADRIFT na AGGENEYS af te voer.

NOU DERHALWE GETUIG DIE KOMPARANT DAT SY LASGEWER AS VOLG OOR=EENGEKOM HET NAAMLIK:

1. ONDERHEWIG aan die bepalings hierinlater uiteengesit, verleen die eienaar, as geregistreerde eienaar van die voormelde eiendom hiermee aan die RAAD die volgende ewig=durende regte oor die voormelde eiendom, naamlik: -

1.1 die reg om 'n waterleiding te lê binne 'n serwituut=gebied 30 (dertig) meter wyd,

1.2 die reg om opgaardamme op te rig binne 'n reghoekige serwituutgebied 145 (eenhonderd vyf en veertig) meter wyd en 121 (eenhonderd een en twintig) meter lank op 'n plek langs die roete van die waterleiding serwituut vermeld in 1.1 hierbo,

(welke pypleiding, pompinstallasie en opgaardamme met kleppe e meegaande toebehore hierna die PYPLEIDING genoem word)

en om die PYPLEIDING te inspekteer, in stand te hou, te herstel, te vernuwe en te verwyder, soos wat die RAAD van tyd tot tyd gerade mag ag en wel soos hierinlater uiteengesit.

4/ 2. DIE ...

2. DIE RAAD verkry die reg van toegang tot en teruggang van die pypleiding en sal geregtig wees om hierdie regte uit te oefen deur gebruik te maak van diere, voertuie en masjinerie om die werk daar te doen, onderworpe aan die volgende voorwaardes naamlik: -

2.1 DIE RAAD is geregtig om patrolliemanne na die installasies en langs die pypleiding uit te stuur met die doel om dit te inspekteer. Die patrolliemanne moet egter 'n magtigingsbrief van die RAAD in hulle besit he om dit op aanvraag aan die EIENAAR te kan toon om sodoende bewys van hulle identiteit te kan lewer; of andersins kan die RAAD die EIENAAR van tyd tot tyd vooraf skriftelik in kennis stel van die name van sodanige patrolliemanne.

2.2 DIE RAAD oefen hierdie regte uit deur gebruik te maak van die bestaande paaie of voetpaaie, of indien dit nie bestaan nie, dan langs 'n roete deur die EIENAAR uitgewys, maar met die voorbehoud dat die aard en die toestand van daardie paaie, voetpaaie of uitgewysde roete sodanig moet wees dat die RAAD sy regte daarlangs bevredigend sal kan uitoefen.

2.3 In noodgevalle, of indien die bestaande of uitgewysde roetes onbevredigend is, kies die RAAD 'n roete en gebruik dit op 'n sorgsame wyse ten einde enige permanente verbeteringe aldaar die minste te benadeel.

5/ 2.4 DIE RAAD .....

2.4 DIE RAAD moet sorg dra dat sy dienaars, werknemers of gemagtigdes elke hek wat hulle in die proses moet oopmaak, onmiddellik weer agter hulle moet toemaak.

2.5 INDIEN die RAAD skade aan die eiendom in die uitoefening van hierdie regte mag veroorsaak moet die RAAD die EIENAAR sy billike en redelike verliese vergoed.

3. DIE voorafgaande regte en die uitoefening daarvan is egter onderworpe aan die volgende verdere voorwaardes:

3.1 DIE RAAD is aanspreeklik vir enige verlies of skade maar nie voortvloeiende skade wat die EIENAAR of sy opvolgers in titel mag ly as gevolg van die bars van pype en die vloei van water daaruit, behalwe as sodanige breuk en vloei van water te wyte is aan omstandighede -

3.1.1 buite die beheer van die RAAD, sy dienaar of agent, of

3.1.2 wat onvoorsienbaar of wat nie deur die RAAD voorkom kon word ten spyte van die uitoefening van redelike voorsorg nie.

3.2 DIE RAAD vrywaar die EIENAAR en sy opvolgers in titel teen enige eise wat uit sy werksaamhede mag voortspruit.

6/ 3.3 DIE ......

3.3 DIE RAAD onderneem, so ver as wat dit redelik moontlik is, om: -

3.3.1 die EIENAAR vooruit skriftelik in kennis te stel van die oprigting van beoogde werke of van herstelwerk wat onderneem moet word.

3.3.2 die werksaamhede in sodanige tyd te onderneem waarin die normale gebruik van die grond deur die EIENAAR nie ingekort sal word nie.

3.3.3 die oppervlakte waarop daar gewerk is, op 'n behoorlike en bevredigende wyse te herstel.

3.4 DIE EIENAAR mag nie enige geboue of strukture of enige gedeelte daarvan, binne die serwituut-gebied oprig nie sodat voldoende ruimte aan die RAAD gelaat word om sy regte te kan uitoefen.

3.5 DIE EIENAAR mag, ten einde die pypleiding te beskerm, nie enige uitgrawings maak of werksaam-hede toelaat wat die pypleiding kan blootlê of ondergrawe nie.

4. DIE RAAD onderneem om EEN wateraansluiting aan die EIENAAR vir sy gemelde eiendom toe te staan, mits dat die water slegs vir nie-huishoudelike doeleindes gebruik word en verder onderworpe aan die volgende voorwaardes naamlik:

4.1 DIE EIENAAR is onderworpe aan en moet hom neerle by die RAAD se waterregulasies soos afgekondig en soos van tyd tot tyd gewysig, met insluiting van enige kennisgewing wat beperkinge op die gebruik van water mag oplê.

7/ 4.2 DIE ......

4.2 DIE watertoevoer is hoogstens eenhonderd ses en dertig (136) kiloliter per maand. Vir die werklike hoeveelheid water wat verbruik is, sal 'n heffing gemaak word teen die heersende tarief vir huis= houdelike gebruik wat van tyd tot tyd in die dorpsgebied en/of munisipalegebied van Aggeneys van toepassing is.

4.3 INDIEN die werklike verbruik eenduisend seshonderd twee en dertig (1632) kiloliter voor die einde van enige enkel kalenderjaar oorskry, behou die RAAD die reg om die toevoer vir die res van sodanige jaar af te sluit; of om die alternatief 'n heffing vir die oormaat water wat in die jaar verbruik word teen tweemaal die tarief soos in paragraaf 4.2. uiteengesit word, te maak.

4.4 INDIEN die betrokke eiendom te enige tyd onderverdeel word, sal geen bykomende aansluiting of toevoere beskik= baar gestel word nie. Die bestaande aansluiting sal slegs vir die voorsiening van water aan een van daardie onderverdelings gebruik mag word.

4.5 DIE RAAD verskaf en onderhou 'n meter kosteloos by die toevoerpunt om die hoeveelheid water wat verskaf word, te meet. Indien die meter weier om te registreer of verkeerd registreer kan die RAAD die verbruik wat in rekening gebring moet word, volgens die grondslag van vorige of toekomstige aangetekende verbruike bepaal.

8/ 4.6 DIE .......

4.6 DIE meter sal onder beskutting, aangrensend aan die hoofpypleiding geplaas word en die meter, pyp= werk en die nodige kamer sal die eiendom van die RAAD bly. Die EIENAAR moet vrye toegang vir voertuie tot die meter bewerkstellig om meteraf= lesing en herstelwerk te vergemaklik.

4.7 AL die pypwerk vanaf die meter tot by die finale leweringspunt word op koste van en deur die be= trokke EIENAAR voorsien, gele en onderhou en moet voldoen aan die bepalinge van die waterregulasies van die RAAD soos van tyd tot tyd afgekondig, en die EIENAAR is verder verantwoordelik vir die betaling van alle water wat vermors mag word weens die lek van of 'n bars in sy pypwerk of weens enige ander oorsaak hoegenaamd.

4.8 INDIEN die beskikbare druk by die meter onvoldoende is vir die toevoer van water tot by die finale uit= laatpunt kan die EIENAAR vir die oorbrugging van die probleem op sy eie koste 'n geskikte pompinstallasie, waarvan die ontwerp en tipe deur die RAAD skriftelik goedgekeur moet word, installeer, in werking stel en in stand hou.

4.9 DIE EIENAAR verskaf op eie koste geskikte opgaartenks met 'n totale minimum inhoud van tienduisend (10 000) liters en onderhou dit in 'n behoorlike werkende toe= stand om 'n watervoorraad te verseker indien die RAAD sy pypleiding om enige rede tydelik afgesluit word.

9/ 4.10 DIE .......

4.10 DIE RAAD waarborg in geen opsig die gehalte, toevoer of hoeveelheid water wat voorsien word aan die EIENAAR nie en die EIENAAR vrywaar hiermee die RAAD teen enige en alle eise wat mag voortvloei uit die watervoorsiening deur die RAAD soos hierin beoog.

5. AS teenprestasie vir die regte wat hierkragtens ver= leen word, betaal die RAAD die som van R 447-00 (vierhonderd sewe en veertig rand) aan die EIENAAR teen registrasie van hierdie serwituut.

6. DIE PARTYE bevestig dat hulle ooreengekom het dat die regte wat hierkragtens verleen is, ewigdurend sal geld en dat hierdie akte as 'n serwituut teen die toepaslike aktes in die Akteskantoor te Kaapstad geregistreer word.

7. DIE RAAD is aanspreeklik vir die betaling van alle koste van hierdie akte en wat aangegaan word vir die registrasie daarvan.

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE SPRINGBOK op die dag, maand en jaar aan die begin hiervan vermeld:

AS GETUIES

1. [signature]

2. [signature]

[signature]
pp EIENAAR

[signature]
pp RAAD

QUOD ATTESTOR

[signature]
NOTARIS PUBLIEK

Hereregte Kwitansie Nr. 8392
uitgereik te Kaapstad
op 8 Mei 1981
vir R22.35

REGISTERED this
GEREGISTREER hierdie 1981 -09- 14

BK 47 Fol 46

Register of
Register van Serwituut

Asst. Registrar/Asst.-Registrateur

Deeds Office,
Akteskantoor,
Cape Town/Kaapstad.
1981 -09- 14

UNDEXED

MICROFILM

OPERATOR—OPERATEUR

DAT

DEELS
STAMPS
DUTY R 0,50c
FEE R 1,65

K 757 /1981 S

NOTARIELE AKTE VAN SERWITUUT

Protokol nr. 718

HIERMEE word bekend gemaak aan almal wat dit mag aangaan:

DAT op hede die 29ste dag van Januarie in die jaar van Onse Heer Eenduisend Negehonderd Een en Tagtig (1981) voor my CHRISTOFFEL DE WIT van Springbok, Kaapprovinsie, Publieke Notaris, as sodanig behoorlik toegelaat en beëdig en in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies persoonlik verskyn het - JACOBUS HENDRIK BRITZ

2/ hy ........

hy synde behoorlik daartoe gevolmagtig deur: -

THOMAS FREDERIK DIXON
gebore op 8 Mei 1921

(hierna die EIENAAR genoem)

en

PELLADRIFT WATERRAAD

'n Waterraad behoorlik ingestel kragtens Artikel (108) (2) van die Waterwet 1956 Wet 54 van 1956 hierin verteenwoordig deur BERNARD RENIER VAN ROOYEN in sy hoedanigheid as lid van die RAAD gedateer 9 Januarie 1978 (welke besluit tans in my Protokol weggele is)

(hierna die RAAD genoem)

kragtens 'n volmag uitgevoer deur die EIENAAR op 21 November 1980 te Pofadder en deur die verteenwoordiger van die RAAD te Johannesburg op die 5de dag van Desember 1980. (welke volmagte tans in my Protokol weggele is)

3/ EN .......

/\

EN DIE KOMPARANT HET NAMENS SY LASGEWER AS VOLG VERKLAAR:

NADEMAAL die EIENAAR die geregistreerde eienaar is van die volgende eiendom, naamlik: -

SEKER stuk grond gelee in die Afdeling van Namakwaland synde gedeelte 1 (Spring Puts) van die plaas KLEIN PELLA Nr 40

GROOT 4282,6500 hektaar

GEHOU kragtens Akte van Transport nr 15377 gedateer 1 Oktober 1953

EN NADEMAAL 'n ooreenkoms op die 5de dag van Desember 1980 tussen die EIENAAR en die RAAD gesluit is in verband met die PELLADRIFT watervoorsieningskema vir die oprigting van 'n pompinstallasie, opgaardamme en die lê van 'n pypleiding met kleppe en ander meegaande toebehore en om daarmee water vanaf PELLADRIFT na AGGENEYS af te voer.

NOU GETUIG DIE KOMPARANT DAT SY LASGEWER AS VOLG OOREENGEKOM HET NAAMLIK:

1. ONDERHEWIG aan die bepalings hierinlater uiteengesit, verleen die eienaar, as geregistreerde eienaar van die voormelde eiendom hiermee aan die RAAD die volgende ewigdurende regte oor die voormelde eiendom, naamlik: -

1.1 die reg om 'n waterleiding te lê binne 'n serwituutgebied 30 meter wyd,

(welke pypleiding, pompinstallasie en opgaardamme met kleppe en meegaande toebehore hierna die pypleiding genoem word)

en om die Pypleiding te inspekteer, in stand te hou te herstel, te vernuwe en te verwyser, soos wat die RAAD van tyd tot tyd gerade mag ag en wel soos hierinlater uiteengesit.

4/ 2. DIE .......

2. DIE RAAD verkry die reg van toegang tot en teruggang van die pypleiding en sal geregtig wees om hierdie regte uit te oefen deur gebruik te maak van diere, voertuie en masjinerie om die werk daar te doen, onderworpe aan die volgende voorwaardes naamlik: -

2.1 DIE RAAD is geregtig om patrolliemanne na die installasies en langs die pypleiding uit te stuur met die doel om dit te inspekteer. Die patrolliemanne moet egter 'n magtigingsbrief van die RAAD in hulle besit he om dit op aanvraag aan die EIENAAR te kan toon om sodoende bewys van hulle identiteit te kan lewer; of andersins kan die RAAD die EIENAAR van tyd tot tyd vooraf skriftelik in kennis stel van die name van sodanige patrolliemanne.

2.2 DIE RAAD oefen hierdie regte uit deur gebruik te maak van die bestaande paaie of voetpaaie, of indien dit nie bestaan nie, dan langs 'n roete deur die EIENAAR uitgewys, maar met die voorbehoud dat die aard en die toestand van daardie paaie, voetpaaie of uitgewysde roete sodanig moet wees dat die RAAD sy regte daarlangs bevredigend sal kan uitoefen.

2.3 In noodgevalle, of indien die bestaande of uitgewysde roetes onbevredigend is, kies die RAAD 'n roete en gebruik dit op 'n sorgsame wyse ten einde enige permanente verbeteringe aldaar die minste te benadeel.

5/ 2.4 DIE RAAD .....

2.4 DIE RAAD moet sorg dra dat sy dienaars, werknemers of gemagtigdes elke hek wat hulle in die proses moet oopmaak, onmiddellik weer agter hulle moet toemaak.

2.5 INDIEN die RAAD skade aan die eiendom in die uitoefening van hierdie regte mag veroorsaak moet die RAAD die EIENAAR sy billike en redelike verliese vergoed.

3. DIE voorafgaande regte en die uitoefening daarvan is egter onderworpe aan die volgende verdere voorwaardes:

3.1 DIE RAAD is aanspreeklik vir enige verlies of skade maar nie voortvloeiende skade wat die EIENAAR of sy opvolgers in titel mag ly as gevolg van die bars van pype en die vloei van water daaruit, behalwe as sodanige breuk en vloei van water te wyte is aan omstandighede -

3.1.1 buite die beheer van die RAAD, sy dienaar of agent, of

3.1.2 wat onvoorsienbaar of wat nie deur die RAAD voorkom kon word ten spyte van die uitoefening van redelike voorsorg nie.

3.2 DIE RAAD vrywaar die EIENAAR en sy opvolgers in titel teen enige eise wat uit sy werksaamhede mag voortspruit.

6/ 3.3 DIE .....